Welkom by LMS!

SMS Vol 1 2010

Riaan le Roux

Brigritte Westermeyer

Rudi Potgieter

Marga J v Rensburg



2010 het afgeskop en wat 'n jaar gaan dit nie wees! Ons vertrou dat die personeel en leerlinge, die korter as normale Somervakansie geniet het en dat almal die nuwe jaar met nuwe moed en entoesiasme aanpak.

'n Spesiale welkomswoord aan alle gesinne wat nuut by ons skool aangesluit het. So ook aan mev Suzaan Oltmann ons enigste nuwe opvoeder en mnr Leo van Schalkwyk wat as algemene nutsman by die skool aangestel is. Mag u almal 'n spesiale verbintenis met LMS beleef en mag alles 'n verrykende ervaring wees.

Sonder 'n traan in die oog het ons nuwe graad 1 leerlinge die nuwe jaar aangepak.
So ook het die graad R leerlinge pragtig ingeskakel by LMS en stap hulle al selfvoldaan kantoor toe om briefies, pos en afrolwerk by die kantoor te kom afhaal.

LMS se mediasentrum is besig om 'n metamorfose te ondergaan en o.l.v mnr Ferdie de Villiers is vensters weer in gebruik wat 30 jaar gelede toegebou is. Alles is nuut uitgeverf en juk die mediapersoneel en prefekte se hande om alles so gou moontlik weer funksioneel te kry.

LUCAS MEYER SKOOL, VRYHEID

LMS spog met 'n pragtige groepie leiers wat alreeds aan die einde van 2009 hul leieropleiding ontvang het. Verskeie aspekte is aangespreek en ons leiers het ontdek dat hulle goed genoeg is en wat dit verg om staatmaker leiers te wees.
Ds Hennie van Schalkwyk van Wesgemeente het volwassenheid met die leiers en hul ouers bespreek en ons kon ook kers opsteek by Pierre Spies, Springbokrugbyspeler en julle weet **JUL BESTE LÊ NOG VOOR!** Susan Boyle het verseker gewys dat 'n mens in jouself moet glo, al kom jou geleentheid eers baie later!
Baie geluk aan **Nokwanda Sithole** (Medialeier) en **Naomi Muller** (Skoolleier) wat weens vakante poste die posisies sal vul. Baie sterkte aan LMS se leiers van **2010**

Leiers 2010

Hulp aan leerlinge

Riana Davel
Sel: 083 703 9862
Lees– en /of Spel- ,
Wiskundige- en studie probleme en/of Engels as tweede taal.

Karen Colyn
Spraakterapeut
Sel: 082 823 4727

Corlia Putter
Sielkundige Berader
Sel: 083 564 3540

Toe vra Jesus vir die twaalf:"Wil julle nie ook weggaan nie?" Simon Petrus het Hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde vir die ewige lewe gegee"
Johannes 6:67-68

2 Februarie	Gr 1 Koekverkoping
4 Februarie	Speletjiesaand
16 Februarie	Nardini Sprintgala
18 Februarie	LMS Kennekaar
19 Februarie	LMS 90 Jaar!!
25 Februarie	Skoolgala

Swemmers

Voor: De Wet Meyer , Thea Crathorne, Natasha Kleyn, Lorma J v Rensburg, Kristen Small, Jacques Odendaal
Agter: Dylan Wessels, Imke van Rooyen, Lisa Crathorne, Marga J v Rensburg, Ashley Reimers en Euné Bosch en Christopher Doust

LMS se swemmers behaal 17 eerste plekke en 20 tweede plekke. Baie dankie aan Mev Marie Swart en mnr Fanes Combrinck asook verskeie ouers wat die swemmers vergesel het en as beamptes opgetree het.

presstteer